Bejaarde pasiënte behoort met TORQUIT 25 mg/dag te begin. Die tempo van dosis titrasie mag wel stadiger moet wees, met inkremente van 25 - 50 mg, afhangend van die kliniese reaksie en verdraagsaamheid van die individuele pasiënt, na 'n effektiewe dosis, wat waarskynlik laer sal wees as dié by jonger pasiënte.

Renale en hepatiese inkorting
Die orale opruiming van TORQUIT is verminderde met ongeveer 25 % by pasiënte met renale of hepatiese inkorting. TORQUIT word omvattend gemetaboliseer deur die lewer, en moet dus met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met bekende hepatiese inkorting.
Pasiënte met renale of hepatiese inkorting moet begin word met TORQUIT 25 mg/dag. Die dosis moet daagliks met inkremente van 25 - 50 mg verhoog word, tot 'n effektiewe dosis.

Pediatriese bevolking
Die veiligheid en effektiwiteit van TORQUIT by kinders en adolessente onder 18 jarige ouderdom is nie vasgestel nie.

Metode van toediening
Orale toediening.

4.3 Kontraïndikasies

- Hipersensitiwiteit teenoor die aktiewe substans of enige van die hulpstowwe gelys in afdeling 6.1.
- Swangerskap en laktasie, aangesien die veiligheid nie aangetoon is in hierdie populasie nie.
- Kinders en adolessente, aangesien die veiligheid nie aangetoon is in hierdie populasie nie.
- Gevorderde lewer- en renale funksie inkorting, aangesien die veiligheid nie aangetoon is nie.
- Gesamentlike toediening van sitochroom P450 3A4 inhibeerders, soos MIV-protease inhibeerders, asool-antifungus medisyne, eritromisien, klaritromisien en nefasodoon, is gekontraïndikeerd (sien afdeling 4.5).

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

Selfmoord/selfmoordgedagtes of kliniese verergering
Depressie word geassosieer met 'n verhoogde risiko van selfmoordgedagtes, selfbesering en selfmoord (selfmoordverwante gebeurtenisse). Hierdie risiko duur voort totdat daar beduidende remissie plaasvind. Aangesien verbetering nie gedurende die eerste paar weke of meer van behandeling mag plaasvind nie, moet pasiënte noukeurig gemonitor word totdat sulke verbetering plaasvind. Dit is algemene kliniese ervaring dat die risiko van selfmoord in die vroeë stadiums van herstel kan toeneem.

Daarbenewens moet mediese deskundiges die potensiële risiko van selfmoordverwante gebeurtenisse oorweeg na abrupte staking van TORQUIT behandeling, weens die bekende risikofaktore van die siekte wat behandel word.

Ander psigiatriese toestande waarvoor TORQUIT voorgeskryf word, kan ook met 'n verhoogde risiko van selfmoordverwante gebeurtenisse geassosieer word. Daarbenewens kan hierdie toestande ko-morbied wees met major depressiewe episodes. Dieselfde voorsorgmaatreëls wat waargeneem word by die behandeling van pasiënte met major depressiewe episodes, moet dus waargeneem word by die behandeling van pasiënte met ander psigiatriese afwykings.

Pasiënte met 'n geskiedenis van selfmoordverwante gebeurtenisse, of diegene wat 'n beduidende mate van selfmoordneigings voor die aanvang van behandeling toon, is bekend om 'n groter risiko vir selfmoordgedagtes of selfmoordpogings te hê, en moet noukeurig gemonitor word tydens behandeling.

Noukeurige toesig oor pasiënte en veral diegene met 'n hoë risiko moet die medikasie terapie vergesel, veral tydens vroeë behandeling en na dosisveranderings. Pasiënte (en versorgers van pasiënte) moet gewaarsku word oor die noodsaaklikheid om vir enige kliniese verergering te monitor, selfmoordgedrag of gedagtes en ongewone veranderinge in gedrag en om onmiddellik mediese advies te verkry indien hierdie simptome teenwoordig is.

In korter termyn plasebo-gekontroleerde kliniese studies van pasiënte met major depressiewe episodes van bipolêre steuring, is 'n verhoogde risiko vir selfmoordverwante gebeure waargeneem by jong volwasse pasiënte (jonger as 25 jarige ouderdom) wat behandel was met kwetiapien in vergelyking met dié wat behandel was met plasebo (3,0 % vs. 0 %, onderskeidelik). 'n Populasie-gebaseerde retrospektiewe studie van kwetiapien vir die behandeling van pasiënte met major depressiewe steuring het 'n verhoogde risiko vir selfbesering en selfmoord getoon by pasiënte van ouderdom 25 tot 64 jaar sonder 'n geskiedenis van selfbesering tydens die gebruik van kwetiapien saam met ander antidepressante.

Metaboliese risiko
Gegewe die waargenome risiko vir verergering van hul metaboliese profiel, insluitend veranderinge in gewig, bloedglukose (sien hiperglisemie) en lipiede, wat in kliniese studies gesien is, moet pasiënte se metaboliese parameters geassesseer word by die aanvang van behandeling en veranderinge in hierdie parameters moet gereeld gekontroleer word vir die duur van die kursus van behandeling. Verergering in hierdie parameters moet bestuur word soos kliniese toepaslik (sien ook afdeling 4.8).

Tardiewe diskinesie en ekstrapiramidale simptome
Daar is 'n potensiaal dat TORQUIT tardiewe diskinesie kan veroorsaak. Indien tekens en simptome van tardiewe diskinesie verskyn, moet dosisverlaging of staking van TORQUIT oorweeg word. Die simptome van tardiewe diskinesie kan vererger of selfs ontstaan na staking van behandeling. (sien afdeling 4.8).
In plasebo-gekontroleerde kliniese toetse van volwasse pasiënte met skisofrenie en bipolêre manie was die voorkoms van ekstrapiramidale simptome nie anders as dié van plasebo oor die aanbevole terapeutiese dosisreeks nie.
In plasebo-gekontroleerde kliniese toetse van volwasse pasiënte, is kwetiapien geassosieer met 'n verhoogde voorkoms van ekstrapiramidale simptome (EPS) in vergelyking met plasebo by pasiënte wat behandel was vir major depressiewe episodes in bipolêre steuring (sien afdeling 4.8).
Die gebruik van kwetiapien is geassosieer met die ontwikkeling van akatisie, wat gekenmerk word deur 'n subjektiewe onaangename of kommerwekkende rusteloosheid en behoefte om dikwels te beweeg gepaardgaande met 'n onvermoë om te sit of stil te staan. Dit sal waarskynlik binne die eerste paar weke van behandeling plaasvind. By pasiënte waar hierdie simptome ontwikkel, kan dosis verhoging nadelig wees.

Somnolensie en duiseligheid
Kwetiapien behandeling is geassosieer met somnolensie en verwante simptome, soos sedasie (sien afdeling 4.8).
Vir die behandeling van pasiënte met bipolêre depressie, was dit gedemonstreer dat die aanvang normaalweg binne die eerste 3 dae van behandeling was en was hoofsaaklik van ligte tot matige intensiteit. Pasiënte wat somnolensie van 'n erge intensiteit ervaar mag dalk meer gereelde kontak benodig vir 'n minimum van 2 weke vanaf die aanvang van somnolensie, of totdat simptome verbeter en staking van behandeling mag dalk oorweeg moet word.

Ortostatiese hipotensie
Kwetiapien behandeling is geassosieer met ortostatiese hipotensie en verwante duiseligheid (sien afdeling 4.8) wat soos somnolensie gewoonlik voorkom gedurende die aanvanklike dosis-titrasietydperk. Dit kan die voorkoms van toevallige beserings (val) verhoog, veral by die bejaarde populasie. Daarom moet pasiënte ingelig word om versigtig te wees totdat hul vertroud is met die moontlike effekte van die medisyne.
Kwetiapien moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met bekende kardiovaskulêre siekte, serebrovaskulêre siekte, of ander toestande wat tot hipotensie aanleiding kan gee. Dosisvermindering of meer geleidelike titrasie moet oorweeg word indien ortostatiese hipotensie plaasvind, veral by pasiënte met onderliggende kardiovaskulêre siekte.

Slaapapnee sindroom
Slaapapnee sindroom is aangemeld by pasiënte wat kwetiapien gebruik. By pasiënte wat gelyktydig sentralesenuisteem depressante ontvang en wat 'n geskiedenis het van of op risiko is vir slaapapnee, soos diegene wat oorgewig/vetsugtig of manlik is, moet TORQUIT met omsigtigheid gebruik word.

Stuipe
Daar is aangetoon dat daar geen verskil is in die voorkoms van stuipe by pasiënte wat met kwetiapien of plasebo behandel was nie. Geen data is beskikbaar oor die voorkoms van stuipe by pasiënte met 'n geskiedenis van stuipsversteuring nie. Soos met ander antipsigotika, word omsigtigheid aanbeveel wanneer pasiënte met 'n geskiedenis van stuipe behandel word (sien afdeling 4.8).

Neuroleptiese kwaadaardige sindroom
Neuroleptiese kwaadaardige sindroom is geassosieer met antipsigotiese behandeling, insluitend kwetiapien (sien afdeling 4.8). Kliniese manifestasies sluit in hipertermie, veranderde geestestoestand, spierrigiditeit, outonome onstabiliteit, en verhoogde kreatienfosfokinase. In so 'n geval moet kwetiapien gestaak word en die gepaste mediese behandeling gegee word.

Erge neutropenie en agranulositose
Erge neutropenie (neutrofieltelling < 0,5 x 109/L) sonder infeksie is in kwetiapien kliniese studies aangemeld. Daar was verslae van agranulositose (erge neutropenie met infeksie) onder alle pasiënte wat met kwetiapien behandel was, soos bevat in TORQUIT, tydens kliniese studies sowel as in na-bemarkingsverslae. Die meeste gevalle van erge neutropenie het binne die eerste twee maande na die aanvang van die behandeling met kwetiapien voorgekom. Daar was geen oënskynlike dosisverhouding nie. Tydens na-bemarkingservaring was sommige gevalle dodelik. Moontlike risikofaktore vir neutropenie sluit in die reeds bestaande lae witbloedseltelling (WBS) en geskiedenis van medisyne-geïnduseerde neutropenie. Daar was gevalle by pasiënte sonder voorafgaande risikofaktore. Neutropenie moet oorweeg word by pasiënte wat met infeksie presenteer, veral in die afwesigheid van ooglopende predisponerende faktor(e), of by pasiënte met onverklaarbare koors, en dit moet kliniese toepaslik bestuur word. Kwetiapien moet gestaak word by pasiënte met 'n neutrofieltelling < 1,0 x 109/L. Pasiënte moet geobserveer word vir tekens en simptome van infeksie en neutrofieltelling moet gedoen word (totdat hulle 1,5 x 109/L oorskry) (sien afdeling 5.1).
Pasiënte moet aangeraai word om die voorkoms van tekens/simptome wat ooreenstem met agranulositose of infeksie (bv. koors, swakheid, lusteloosheid of keelseer) onmiddellik te rapporteer ter eniger tyd tydens TORQUIT terapie. By sulke pasiënte moet 'n WBS telling en 'n absolute neutrofieltelling (ANT) vinnig uitgevoer word, veral in die afwesigheid van predisponerende faktore.

Antikolinergiese (muskariene) effekte
Norkwetiapien, 'n aktiewe metaboliet van kwetiapien, het matige tot sterk affiniteit vir verskillende muskariniese reseptor subtipes. Dit dra by tot die ongewenste reaksies wat antikolinergiese effekte weerspieël wanneer kwetiapien in aanbevole dosisse gebruik word, wanneer dit saam met ander medikasie gebruik word wat antikolinergiese effekte het, en met oordosis.
TORQUIT moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte wat medisyne ontvang wat antikolinergiese (muskariene) effekte het.
TORQUIT moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met 'n huidige diagnose of vorige geskiedenis van urienretensie, kliniese beduidende prostaat hipertrofie, intestinale obstruksie of verwante toestande, verhoogde intra-okulêre druk of nouhoek gloukoom (sien afdeling 4.5, afdeling 4.8, afdeling 5.1 en afdeling 4.9).

Interaksies
Sien afdeling 4.5.
Gelyktydige gebruik van kwetiapien en 'n sterk hepatiese ensieminduseerder soos karbamasepien of fenitoïen verlaag kwetiapien plasmakonsentrasies aansienlik, wat die effektiwiteit van TORQUIT terapie kan beïnvloed. By pasiënte wat 'n hepatiese ensieminduseerder ontvang, moet die inisiëring van TORQUIT behandeling slegs plaasvind indien die mediese deskundige van mening is dat die voordele van kwetiapien die risiko's om die hepatiese-ensieminduseerder te verwyder, oortref. Dit is belangrik dat enige veranderinge in die induseerder geleidelik moet wees, en indien nodig, vervang word met 'n nie-induseerder (bv. natriumvalproaat).

Gewig
Gewigstoename is aangemeld by pasiënte wat met kwetiapien behandel word, en moet gemonitor en bestuur word soos klinies toepaslik, in ooreenstemming met die gebruikte antipsigotiese riglyne (sien afdeling 4.8 en afdeling 5.1).

Hiperglisemie en diabetes mellitus
Hiperglisemie, in sommige gevalle uitermate en geassosieer met ketoasidose of hiperosmolare koma of die dood, is aangemeld by pasiënte wat met kwetiapien, soos bevat in TORQUIT, behandel is (sien afdeling 4.8). In sommige gevalle is 'n voorafgaande toename in liggaamsgewig gerapporteer, wat 'n predisponerende faktor kan wees. Toepaslike kliniese monitering word aanbeveel in ooreenstemming met die gebruikte antipsigotiese riglyne.
Pasiënte met 'n bevestigde diagnose van diabetes mellitus wat met TORQUIT begin, moet gereeld gemonitor word vir agteruitgang van glukosebeheer. Pasiënte met risikofaktore vir diabetes mellitus (bv. obesiteit, familiegeskiedenis van diabetes) wat behandeling met TORQUIT begin, moet gemonitor word vir simptome van hiperglisemie insluitend polidipsie, poliurie, polifagie, en swakheid. Pasiënte wat simptome van hiperglisemie ontwikkel tydens behandeling met kwetiapien, moet vastende bloedglukosetoetsing ondergaan. In sommige gevalle het hiperglisemie opgeklaar toe TORQUIT gestaak is; alhoewel, sommige pasiënte het egter voortsetting van antidiabetiese behandeling benodig ondanks staking van die geneesmiddel waaroor daar onsekerheid is.

Lipiede
Verhogings in trigliseriede, laedigtheidslipoproteïene (LDL) en totale cholesterol, en afname in hoëdigtheidslipoproteïene (HDL) cholesterol is waargeneem in kliniese proewe met kwetiapien (sien afdeling 4.8). Lipiedveranderings moet as klinies toepaslik bestuur word.

QT-verlenging
In kliniese proewe en gebruik in ooreenstemming met die SPC, was kwetiapien nie geassosieer met 'n aanhoudende toename in absolute QT-intervalle nie. Na-bemarking is QT-verlenging met kwetiapien gerapporteer by die terapeutiese dosisse (sien afdeling 4.8) en in oordosis (sien afdeling 4.9). Omsigtigheid word aanbeveel wanneer TORQUIT voorgeskryf word by pasiënte met kardiovaskulêre siekte of familiegeskiedenis van QT-verlenging. Omsigtigheid moet ook toegepas word as TORQUIT voorgeskryf word, hetsy met medisyne wat bekend is dat dit QT-interval verhoog, of met gepaardgaande neuroleptika, veral by bejaardes, by pasiënte met kongenitale lang QT-sindroom, kongestiewe hartversaking, harthipertrofie, hipokalemie of hipomagnesemie (sien afdeling 4.5).

Kardiomiopatie en miokarditis
Kardiomiopatie en miokarditis is aangemeld in kliniese proewe en tydens na-bemarkingservaring. Behandeling met kwetiapien moet heroorweeg word by pasiënte met vermoedelike kardiomiopatie of miokarditis.

Onttrekking
Akute onttrekkingsimptome, soos slapeloosheid, naarheid, hoofpyn, diarree, braking, duiseligheid en prikkelbaarheid is beskryf na die skielike staking van kwetiapien. Geleidelike onttrekking oor 'n tydperk van minstens een tot twee weke is raadsaam (sien afdeling 4.8).

Bejaarde pasiënte met demensie-verwante psigose
TORQUIT is nie goedgekeur vir die behandeling van demensie-verwante psigose nie.
In 'n meta-analise van atipiese antipsigotika, is dit berig dat bejaarde pasiënte met demensie-verwante psigose 'n groter risiko vir dood het in vergelyking met plasebo. In twee 10-week plasebo-gekontroleerde kwetiapien studies in dieselfde pasiënt populasie (n=710); gemiddelde ouderdom: 83 jaar; gebied: 56 - 99 jaar) was die insidens van mortaliteit in kwetiapien behandelde pasiënte 5,5 % teenoor 3,2 % in die plasebo groep. Die pasiënte in hierdie proewe het gesterf van 'n verskeidenheid oorsake wat konsekwent is met verwagtinge vir hierdie populasie.

Bejaarde pasiënte met Parkinson se siekte (PS)/parkinsonisme
'n Bevolking-gebaseerde retrospektiewe studie van kwetiapien vir die behandeling van pasiënte met major depressiewe steuring, het 'n verhoogde risiko van sterfte getoon tydens die gebruik van kwetiapien by pasiënte van > 65 jaar. Hierdie assosiasie was nie teenwoordig toe pasiënte met PS uit die ontleding verwyder was nie. Omsigtigheid moet toegepas word indien kwetiapien voorgeskryf word aan bejaarde pasiënte met PS.

Disfagie
Disfagie (sien afdeling 4.8) is aangemeld met kwetiapien. TORQUIT moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met 'n risiko vir aspirasielongontsteking.

Konstipasie en intestinale obstruksie
Konstipasie verteenwoordig 'n risikofaktor vir intestinale obstruksie. Konstipasie en intestinale obstruksie is aangemeld met kwetiapien (sien afdeling 4.8). Dit sluit in dodelike verslae by pasiënte wat 'n hoër risiko vir intestinale obstruksie het, insluitend diegene wat veelvuldige gelyktydige medikasie ontvang wat die intestinale motiliteit verminder en/of nie simptome van hardlywigheid aanmeld nie. Pasiënte met intestinale obstruksie/ileus moet met noukeurige monitering en dringende sorg bestuur word.

Veneuse trombo-embolisme (VTE)
Gevalle van veneuse trombo-embolisme (VTE) is aangemeld met antipsigotiese medisyne. Aangesien pasiënte wat behandel word met antipsigotika, insluitend TORQUIT, dikwels met verworwe risikofaktore vir VTE voorkom, moet alle moontlike risikofaktore vir VTE geïdentifiseer word voor en tydens behandeling met kwetiapien en voorkomende maatreëls moet geneem word.

Pankreatitis
Pankreatitis is in kliniese proewe en tydens na-bemarkingservaring aangemeld. In na-bemarkingsverslae, alhoewel nie alle gevalle met risikofaktore verband gehou het nie, het baie pasiënte faktore gehad wat bekend is dat dit geassosieer word met pankreatitis, soos verhoogde trigliseriede, galstene en alkoholverbruik.

Addisionele informasie
Kwetiapiendata in kombinasie met divalproeks of litium in akute matige tot ernstige maniese episodes is beperk; alhoewel, kombinasieterapie goed verdra was (sien afdeling 4.8 en afdeling 5.1). Die data het 'n bydraende effek teen week 3 getoon.

Misbruik
Gevalle van misbruik is aangemeld. Omsigtigheid word aanbeveel wanneer TORQUIT voorgeskryf word aan pasiënte met 'n geskiedenis van alkohol- of dwelmmisbruik.

Pediatriese populasie
TORQUIT word nie aanbeveel vir gebruik by kinders en adolessente onder 18 jarige ouderdom nie, weens 'n gebrek aan data om die gebruik in hierdie ouderdomsgroep te ondersteun. Kliniese proewe met kwetiapien het getoon dat benewens die bekende veiligheidsprofiel wat by volwassenes geïdentifiseer is (sien afdeling 4.8), sekere ongewenste gebeure op 'n hoër frekwensie by kinders en adolessente plaasgevind het in vergelyking met volwassenes (verhoogde eetlus, toename in serumprolaktien, braking, rinitis en sinkope), of mag verskillende implikasies vir kinders en adolessente hê (ekstrapiramidale simptome en prikkelbaarheid) en een was geïdentifiseer wat nie voorheen in volwasse studies gesien was nie (toename in bloeddruk). Veranderings in tiroïedfunksietoetse is ook by kinders en adolessente waargeneem.

Daarbenewens, die langtermyn veiligheidsimplikasies van behandeling met kwetiapien op groei en rypwording is vir nie langer as 26 weke bestudeer nie. Langtermynimplikasies vir kognitiewe- en gedragsontwikkeling is nie bekend nie.
In plasebo-gekontroleerde kliniese proewe met kinders en adolessente pasiënte, was kwetiapien geassosieer met 'n verhoogde voorkoms van ekstrapiramidale simptome (EPS) in vergelyking met plasebo by pasiënte wat behandel was vir skisofrenie, bipolêre manie of bipolêre depressie (sien afdeling 4.8).

Laktose
TORQUIT tablette bevat laktose. Pasiënte met die seldsame oorerflike toestande van galaktose-onverdraagsaamheid, bv. galaktosemie, Lapp laktase-tekort, glukose-galaktose wanabsorpsie of fruktose-onverdraagsaamheid moet met hul dokter of apteker praat voordat TORQUIT geneem word.
Die klein hoeveelheid laktose in elke dosis sal waarskynlik nie simptome veroorsaak by volwassenes met laktose-onverdraagsaamheid nie.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie

Gegewe die primêre sentrale senuweestelsel effekte van kwetiapien, moet TORQUIT met omsigtigheid gebruik word in kombinasie met ander sentraalwerkende medisinale produkte en alkohol.

Omsigtigheid moet beoefen word met behandeling van pasiënte wat ander medisyne met anti-cholinergiese (muskariene) effekte ontvang (sien afdeling 4.4).

Sitochrome P450 (CYP) 3A4 is die ensiem wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die sitochroom P450-gemedieerde metabolisme van kwetiapien. In 'n interaksie-studie by gesonde vrywilligers het die gelyktydige toediening van kwetiapien (dosis van 25 mg) met ketokonasool, 'n CYP3A4-inhibeerder, 'n 5- tot 8-voudige toename in die AOK van kwetiapien veroorsaak. Op grond hiervan is die gelyktydige gebruik van kwetiapien en CYP3A4-inhibeerder gekontraïndikeerd. Dit word ook nie aanbeveel om pomelo sap te neem tydens kwetiapienterapie nie.

Kwetiapien het nie die lewerensiemsisteem betrokke by die metabolisme van antipirien geïnduseer nie. In 'n meervoudige-dosisproef by pasiënte om die farmakokinetika van kwetiapien wat voor en tydens behandeling met karbamasepien gegee is ('n bekende hepatiese ensieminduseerder) te beoordeel, het die gesamentlike toediening van karbamasepien die opruiming van kwetiapien aansienlik verhoog. Hierdie toename in opruiming het sistemiese blootstelling van kwetiapien verminder (soos gemeet deur AOK) tot 'n gemiddeld van 13 % van die blootstelling tydens toediening van kwetiapien alleen; alhoewel 'n groter effek was gesien by sommige pasiënte. As gevolg van hierdie interaksie kan laer plasmakonsentrasies voorkom, wat die effektiwiteit van kwetiapienterapie kan beïnvloed. Gelyktydige toediening van kwetiapien en fenitoïen ('n ander mikrosomale ensieminduseerder) het 'n aansienlike verhoogde opruiming van kwetiapien veroorsaak van ongeveer 450 %. By pasiënte wat 'n hepatiese ensieminduseerder ontvang, moet die inisiëring van TORQUIT behandeling slegs plaasvind indien die mediese deskundige van mening is dat die voordele van kwetiapien die risiko's om die hepatiese-ensieminduseerder te verwyder, oortref. Dit is belangrik dat enige veranderinge in die induseerder geleidelik moet wees, en indien nodig, vervang word met 'n nie-induseerder (bv. natriumvalproaat) (sien afdeling 4.4).

CYP3A4 is die primêre ensiem verantwoordelik vir sitochroom P450-gemedieerde metabolisme van kwetiapien (soos in TORQUIT). Die farmakokinetika van kwetiapien was nie verander na gesamentlike toediening met simetidien, 'n bekende P450-ensieminhibeerder, nie. Die farmakokinetika van kwetiapien (soos in TORQUIT) was nie beduidend verander na gesamentlike toediening met die antidepressante imipramien ('n bekende CYP2D6-inhibeerder) of fluoksetien ('n bekende CYP3A4- en CYP2D6-inhibeerder) nie. In 'n meervoudige-dosisproef by gesonde vrywilligers om die farmakokinetika van kwetiapien (soos in TORQUIT) te beoordeel, toegedien voor en tydens behandeling met ketokonasool, het gesamentlike toediening van ketokonasool gelei tot 'n toename in die gemiddelde Kmaks en AOK van kwetiapien (soos in TORQUIT) van 235 % en 522 %, onderskeidelik, met 'n ooreenstemmende afname in gemiddelde orale klaring van 84 %. Die gemiddelde halfleeftyd van kwetiapien (soos in TORQUIT) het van 2,6 tot 6,8 uur toegeneem, maar die gemiddelde tmaks was onveranderd.

Die farmakokinetika van kwetiapien was nie beduidend verander deur gelyktydige toediening van die antipsigotika risperidoon of haloperidol nie. Gelyktydige gebruik van kwetiapien en tioridasien het 'n verhoogde opruiming van kwetiapien veroorsaak van ongeveer 70 %.

Die farmakokinetika van litium was nie verander met gelyktydige toediening met kwetiapien (soos in TORQUIT) nie.

Die farmakokinetika van natriumvalproaat en kwetiapien (soos in TORQUIT) was nie in 'n kliniese relevante mate verander met gelyktydige toediening nie.

Omsigtigheid moet toegepas word wanneer TORQUIT gelyktydig gebruik word met medisinale produkte bekend om elektrolietwanbalans of verhoogde QT-interval te veroorsaak.

Daar was berigte van vals positiewe resultate in ensiem-immuno toetse vir metadoon- en trisikliese antidepressante by pasiënte wat kwetiapien geneem het. Bevestiging van twyfelagtige immuno toets siftings resultate deur 'n geskikte chromatografiese tegniek word aanbeveel.

4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en borsvoeding

Swangerskap
TORQUIT is gekontraïndikeerd vir die gebruik tydens swangerskap, aangesien die veiligheid nie aangetoon is nie (sien afdeling 4.3).

Borsvoeding
TORQUIT is gekontraïndikeerd vir die gebruik tydens laktasie , aangesien die veiligheid nie aangetoon is nie (sien afdeling 4.3).

Vrugbaarheid
Geen data oor manlike of vroulike vrugbaarheid is beskikbaar nie.

4.7 Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik

TORQUIT kan somnolensie veroorsaak, wat kan inmeng met aktiwiteite wat verstandelike helderheid vereis. Pasiënte moet dus aangeraai word om nie 'n voertuig te bestuur of met masjinerie te werk nie, totdat individuele vatbaarheid bekend is. Dit is nie altyd moontlik om te voorspel in watter mate TORQUIT die daaglikse aktiwiteite van 'n pasiënt kan beïnvloed nie. Pasiënte moet toesien dat hulle nie aan bogenoemde aktiwiteite deelneem totdat hulle bewus is van die mate waarop TORQUIT hulle beïnvloed nie.

4.8 Newe-effekte

a. Opsomming van die veiligheidsprofiel
Die algemeenste ongewenste reaksies (OMR) met kwetiapien (≥ 10 %) is somnolensie, duiseligheid, hoofpyn, droë mond, onttrekkings (staking) simptome, verhogings in serum trigliseriedvlakke, verhogings in totale cholesterol (oorwegend LDL cholesterol), afname in HDL cholesterol, gewigstoename, verminderde hemoglobien en ekstrapiramidale simptome.
Ander ongewenste effekte sluit in droë mond, astenie, konstipasie, tagikardie, ortostatiese hipotensie en dispepsie.

Sinkopee, kwaadaardige neuroleptiese sindroom, leukopenie, neutropenie en perifere edeem, is geassosieer met kwetiapien soos in TORQUIT.

b. Getabuleerde opsomming van newe-effekte

Sisteem-orgaanklas	Frekwensie	Ongewenste effekte
Bloed- en die limfstelselversteurings	Gereeld	Verlaagde neutrofieltelling, verlaagde
	Minder gereeld	Agranulositose[26], anemie, neutropenie[1], verlaagde plaatjietelling[13], trombositopenie.
Immuunstelsel versteurings	Minder gereeld	Anafilaktiese reaksies[5], hipersensitiwiteit (insluitend allergiese veltoestande).
Endokriene versteurings	Gereeld	Hiperprolaktinemie[15], Verlaging in totale T4[24], verlaging in vry T4[24], verlaging in totale T3[24], verhoging in TSH[24].
	Minder gereeld	Verlaging in vry T3[24], hipotiroïdisme[21], onvanpaste antidiuretiese hormoonsekresie.
Metabolisme- en voedingsversteurings	Gereeld	Bloedglukose verhoging na hiperglisemiese vlakke[6, 30], verlaging in HDL cholesterol[17,30], verhogings in serum trigliseriedvlakke[10,30],
	Minder gereeld	Diabetes mellitus[1,5], vererging van bestaande diabetes, hiponatremie[19], metaboliesesindroom[29].
Psigiatriese versteurings	Gereeld	Abnormale drome en nagmerries, selfmoordneigings en selfmoordgedrag[20].
	Minder gereeld	Somnambulisme en verwante reaksies soos slaappraatjies en slaapverwante eetversteuring.
Senustelselversteurings	Gereeld	Duiseligheid[4,16], disartrie, ekstrapiramidale simptome[1, 21], hoofpyn, somnolensie[2,16].
	Minder gereeld	Rustelose bene sindroom, stuipe[1], sinkopee[4,16], tardiewe diskinesie[1, 5].
Oogversteurings	Gereeld	Versteurde visie.
Hartversteurings	Gereeld	Palpitasies[23], tagikardie[4].
	Minder Gereeld	Bradikardie[32], QT-verlenging [1,12,18].
Vaskulêre versteurings	Gereeld	Ortostatiese hipotensie[4,16].
	Minder gereeld	Beroerte[33], veneuse trombo-embolie[1].
Respiratoriese, torakale- en mediastinale versteurings	Gereeld	Dispnee[23].
	Minder gereeld	Rinitis.
Gastro-intestinale versteurings	Gereeld	Konstipasie, droë mond, dispepsie, braking[25].
	Minder gereeld	Disfagie[7], intestinale obstruksie/Ileus, pankreatitis[1].
Hepato-biliêre versteurings	Gereeld	Verhogings in gamma-GT vlakke[3], verhogings in serum alanien aminotransferase (ALT)[3].
	Minder gereeld	Verhogings in serum aspartaat aminotransferase (AST)[3], hepatitis, geelsug[5].
Vel- en Onderhuidse weefselversteurings	Minder gereeld	Angioedeem[5], medisyne uitslag met eosinofilie en sistemiese simptome (MUESS), eriteem multiforme, Stevens- Johnson sindroom[5], toksiese epidermale nekrolise.
Muskuloskeletale bindweefselversteurings	Minder gereeld	Rabdomiolise.
Renale en urinêre versteurings	Minder gereeld	Urinêre retensie.
Swangerskap, puerperium en perinatale toestande	Minder gereeld	Medisyne onttrekkingsindroom neonataal[31]
Voorplantingstelsel- en borsversteurings	Minder gereeld	Bors swelling, galaktorree, menstruele versteuring, priapisme, seksuele disfunksie.
Algemene versteurings en toedieningsplektoestande	Gereeld	Prikkelbaarheid, matige astenie, perifere edeem, pireksie, onttrekking (staking) simptome[1,9].
	Minder gereeld	Kwaadaardige neuroleptiese sindroom[1], hipotermie.
	Frekwensie onbekend	Neonatale onttrekking.
Ondersoeke	Minder gereeld	Verhogings in bloed kreatienfosfokinase[14].

1. Sien afdeling 4.4.
2. Somnolensie mag plaasvind, gewoonlik tydens die eerste twee weke van behandeling en los gewoonlik op met die voortgesette toediening van kwetiapien.
3. Asimptomatiese verhogings (skuif van normaal na >3 x BLN ter eniger tyd) in serum transaminase (ALT, AST) of gamma-GT vlakke is waargeneem in sommige pasiënte toegedien met kwetiapien. Hierdie verhogings was normaalweg omkeerbaar met voortgesette kwetiapien behandeling.
4. Soos met ander antipsigotika met alfa1 adrenergiese blokkeringsaktiwiteit, kan kwetiapien gewoonlik ortostatiese hipotensie veroorsaak, geassosieer met duiseligheid, tagikardie en, by sommige pasiënte, sinkopee, veral gedurende die aanvanklike dosis-titrasietydperk (sien afdeling 4.4).
5. Berekening van frekwensie van hierdie ADR's is geneem slegs vanaf na-bemarkingsdata alleenlik.
6. Vastende bloedglukose ≥ 126 mg/dL (≥ 7,0 mmol/L) of 'n nie-vastende bloedglukose ≥ 200 mg/dL (≥ 11,1 mmol/L) op ten minste een geleentheid.
7. 'n Toename in die tempo van disfagie met kwetiapien teenoor plasebo was slegs waargeneem in die kliniese proewe van bipolêre depressie.
8. Gebaseer op > 7 % verhoging in liggaamsmassa van basislyn. Vind hoofsaaklik plaas tydens die vroeë weke van behandeling in volwassenes.
9. Die volgende onttrekkingsimptome was meer gereeld waargeneem in akute plasebo-gekontroleerde, monoterapie kliniese proewe, wat stakings simptome verhoog het: slaaploosheid, naarheid, hoofpyn, diarree, braking, duiseligheid, en prikkelbaarheid. Die voorkoms van hierdie reaksies het aansienlik afgeneem na 1 week na-staking.
10. Trigliseriede ≥ 200 mg/dL (≥ 2,258 mmol/L) (pasiënte ≥ 18 jarige ouderdom) of ≥ 150 mg/dL (≥ 1,694 mmol/L) (pasiënte < 18 jarige ouderdom) op ten minste een geleentheid.
11. Cholesterol ≥ 240 mg/dL (≥ 6,2064 mmol/L) (pasiënte ≥ 18 jarige ouderdom) of ≥ 200 mg/dL (≥ 5,172 mmol/L) (pasiënte < 18 jarige ouderdom) op ten minste een geleentheid. 'n Verhoging in LDL cholesterol van ≥ 30 mg/dL (≥ 0,769 mmol/L) is algemeen waargeneem. Gemiddelde verandering tussen pasiënte wat hierdie verhoging getoon het was 41,7 mg/dL (≥ 1,07 mmol/L).
12. Sien onderstaande teks.
13. Plaatjies ≤ 100 x 109/L op ten minste een geleentheid.
14. Op grond van kliniese proef nadelige-insidentverslae van bloed kreatienfosfokinase toename hou dit nie verband met kwaadaardige neuroleptiese sindroom nie.
15. Prolaktienvlakke (pasiënte >18 jarige ouderdom): > 20 μg/L (> 869,56 pmol/L) mans; > 30 μg/L (> 1304,34 pmol/L) vroue ter eniger tyd.
16. Kan lei tot val.
17. HDL cholesterol: < 40 mg/dL (1,025 mmol/L) mans; < 50 mg/dL (1,282 mmol/L) vroue ter eniger tyd.
18. Voorkoms van pasiënte met 'n QTc skuif van < 450 msek tot ≥ 450 msek met 'n ≥ 30 msek verhoging. In plasebo-gekontroleerde proewe met kwetiapien was die gemiddelde verandering en die voorkoms van pasiënte wat na 'n klinies beduidende vlak verskuif, soortgelyk tussen kwetiapien en plasebo.
19. Skuif van > 132 mmol/L na ≤ 132 mmol/L op ten minste een geleentheid.
20. Gevalle van selfmoordgedagtes en selfmoordgedrag is tydens kwetiapienterapie of vroeg na staking van die behandeling aangemeld (sien afdeling 4.4 en afdeling 5.1).
21. Sien afdeling 5.1.
22. Verlaagde hemoglobien tot ≤ 13 g/dL (8,07 mmol/L) mans, ≤ 12 g/dL (7,45 mmol/L) vrouens op ten minste een geleentheid het by 11 % van die kwetiapienpasiënte voorgekom in alle proewe, insluitend oop-etiketuitbreidings. Vir hierdie pasiënte was die gemiddelde maksimum verlaging in hemoglobien te eniger tyd – 1,50 g/dL.
23. Hierdie verslae het gereeld voorgekom in die stelling van tagikardie, duiseligheid, ortostatiese hipotensie en/of onderliggende kardiale/respiratoriese siekte.
24. Gebaseer op verskuiwings van normale basislyn na potensieel kliniese belangrike waarde te eniger tyd na-basislyn in alle proewe.
Verskuiwings in totale T_4, vrye T_4, totale T_3 en vrye T_3 word gedefinieer as < 0,8 x LLN (pm/L) en die verskuiwing in TSH is te eniger tyd > 5 mIU/L.
25. Gebaseer op die verhoogde gevalle van braking by ouer pasiënte (≥ 65 jarige ouderdom).
26. Gebaseer op die verskuiwing in neutrofiele van > = 1,5 x 109L basislyn na < 0,5 x 109/L te eniger tyd tydens behandeling en gebaseer op pasiënte met ernstige neutropenie (< 0,5 x 109/L) en infeksie tydens alle kwetiapien kliniese proewe (sien afdeling 4.4).
27. Gebaseer op verskuiwings van normale basislyn na potensieel kliniese belangrike waarde te eniger tyd na-basislyn in alle proewe. Verskuiwings in eosinofiele word gedefinieer as > 1 x 109 selle/L ter eniger tyd.
28. Gebaseer op verskuiwings van normale basislyn na potensieel kliniese belangrike waarde te eniger tyd na-basislyn in alle proewe. Verskuiwings in WBSe word gedefinieer as ≤ 3 x 109 selle/L te eniger tyd.
29. Gebaseer op nadelige gevalverslae van metaboliese sindroom van alle kliniese proewe met kwetiapien.
30. In sommige pasiënte is 'n verergering van meer as een van die metaboliese faktore van gewig, bloedglukose en lipiede in kliniese studies waargeneem (sien afdeling 4.4).
31. Sien afdeling 4.3 en 4.6 – TORQUIT is gekontraïndikeerd in swangerskap.
32. Mag voorkom met of naby die aanvang van die behandeling en geassosieer word met hipotensie en/of sinkopee. Frekwensie gebaseer op nadelige gevalverslae van bradikardie en verwante gevalle in alle kliniese proewe met kwetiapien.
33. Gebaseer op een retrospektiewe nie-gerandomiseerde epidemiologiese studie.
Gevalle van QT verlenging, ventrikulêre aritmie, skielike onverklaarbare dood, hartstilstand en torsades de pointes is aangemeld met die gebruik van neuroleptika en word as klaseffekte beskou.
Ernstige kutane nadelige-reaksies (EKNRs), insluitend Stevens-Johnson-sindroom (SJS), toksiese epidermale nekrolise (TEN) medisyne-reaksie met eosinofilie en sistemiese simptome (MUESS) is aangemeld in assosiasie met kwetiapien behandeling.

c. Beskrywing van geselekteerde newe-effekte
TORQUIT behandeling was geassosieer met dosisverwante afnames in tiroïedhormoonvlakke, veral totale T4 en vrye T4. Die afname in totale en vrye T4 was maksimaal binne die eerste 2 tot 4 weke van TORQUIT behandeling, met geen verdere afnames tydens langtermynbehandeling nie. Daar was geen bewyse van klinies beduidende veranderinge in die TSH-konsentrasie met tyd nie. In bykans alle gevalle was staking van TORQUIT-behandeling geassosieer met die omkeer van die effekte op totale en vrye T4, ongeag die duur van die behandeling. Kleiner afnames in totale T3 en omgekeerde T3 is slegs by hoër dosisse waargeneem. TBG-vlakke was onveranderd en oor die algemeen, is resiprokale toenames in TSH nie waargeneem nie, met geen aanduiding dat kwetiapien (soos in TORQUIT) klinies relevante hipotiroïdisme veroorsaak nie.

Die volgende newe-effekte wat in kliniese proewe waargeneem is, is nie medisyneverwant nie en die frekwensie daarvan is onbekend: hoofpyn, abdominale pyn, rugpyn, borspyn, hipertensie, diarree, mialgie, angs, droë oë, oorpyn en urienweginfeksie.

Ekstrapiramidale simptome (akatisie, akinesie, tandratrigiditeit, ekstrapiramidale sindroom, hipertonie, hipokinesie, nekrigiditeit en tremor) kom voor by 'n voorkoms soortgelyk aan plasebo en is nie dosisverwant nie.

TORQUIT kan verlenging van die QTc interval veroorsaak (sien afdeling 4.4).

Rapportering van vermoedelike newe-effekte
Dit is belangrik om vermoedelike newe-effekte wat waargeneem word nadat die medisyne goedgekeur is, te rapporteer. Dit laat volgehoue observering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om enige vermoedelike newe-effekte aan SAHPRA te rapporteer via die "6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form", wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gevind kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

4.9 Oordosering

Simptome
In kliniese proewe is die ervaring met kwetiapien (soos in TORQUIT) met oordosering beperk. In na-bemarkingservaring was daar baie seldsame verslae van oordosering van kwetiapien alleen wat gelei het tot dood of koma.
Oor die algemeen was aangemelde tekens en simptome, dié wat voortgespruit het uit 'n verergering van die geneesmiddel se bekende farmakologiese effekte, m.a.w. slaperigheid, sedasie, tagikardie, hipotensie en anticholinergiese effekte.

Oordosering kan lei tot QT-verlenging, stuipe, status epilepticus, rabdomiolise, respiratoriese depressie, urinêre retensie, verwarring, delirium en/of agitasie, koma en dood. Pasiënte met voorafgaande ernstige kardiovaskulêre siekte kan 'n verhoogde risiko hê vir die effekte van oordosering (sien afdeling 4.4, Ortostatiese hipotensie).

Behandeling van oordosering
Daar is geen spesifieke teenmiddel vir kwetiapien nie. In gevalle van ernstige tekens, moet die moontlikheid van meervoudige medisyne-betrokkenheid oorweeg word, en intensiewe sorgprosedures word aanbeveel, insluitend die vestiging en instandhouding van 'n patentlugweg, die versekering van voldoende oksigenering en ventilasie, en die monitering en ondersteuning van die kardiovaskulêre stelsel.
Op grond van openbare literatuur kan pasiënte met delirium en agitasie en 'n duidelike antikolinergiese sindroom behandel word met fisostigmien, 1 - 2 mg (onder deurlopende EKG-monitering). Dit word nie as standaardbehandeling aanbeveel nie, as gevolg van die moontlike negatiewe effek van fisostigmien op kardiale geleiding. Fisostigmien kan gebruik word as daar geen EKG-afwykings is nie. Moet nie fisostigmien gebruik in geval van disritmieë, enige graad van hartblok of QRS-uitbreiding nie.

Die toediening van geaktiveerde koolstof moet oorweeg word.

In gevalle van kwetiapien oordosering, moet refraktiese hipotensie behandel word met toepaslike maatreëls soos binneaarse vloeistowwe en/of simpatomimetiese medisyne. Epinefrien (adrenalien) en dopamien moet vermy word, aangesien beta-stimulasie die hipotensie in die stelling van kwetiapien-geïnduseerde alfa-blokkade kan vererger.
Die noukeurige mediese toesig en monitering moet voortgesit word totdat die pasiënt herstel het.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe

Kategorie en klas: A 2.6.5 Depressante van sentrale senuweestelsel: Diverse strukture.
Farmakoterapeutiese groep: Diasepiene, oksasepiene en tiasepiene is nog nie toegeken nie.
ATC kode: N05A H04

Meganisme van werking
Kwetiapien is 'n atipiese antipsigotiese medisyne. Kwetiapien en die aktiewe menslike plasma metaboliet, norkwetiapien interreageer met 'n wye reeks neurotransmitter-reseptore. Kwetiapien en norkwetiapien vertoon affiniteit vir breinserotonien (5HT2)- en dopamien D[1]- en D[2]- reseptore. Dit is hierdie kombinasie van reseptorantagonisme met 'n hoër selektiwiteit vir 5HT[2] relatief tot D[2]-reseptore, wat vermoedelik bydra tot die kliniese antipsigotiese eienskappe en 'n lae ekstrapiramidale newe-effek (EPN) aanspreeklikheid van kwetiapien (soos in TORQUIT) in vergelyking met tipiese antipsigotika. Kwetiapien en norkwetiapien het geen noemenswaardige affiniteit vir bensodiasepienreseptore nie, maar 'n hoë affiniteit vir histaminergiese en adrenergiese alfa1-reseptore en matige affiniteit vir adrenergiese alfa2-reseptore. Kwetiapien het ook 'n lae of geen affiniteit vir muskariniese reseptore nie, terwyl norkwetiapien matige tot hoë affiniteit by verskillende muskariniese reseptore het, wat moontlik die antikolinergiese (muskariene) effekte kan verklaar. Inhibering van NET en gedeeltelike agonistiese werking op 5HT1A-terreine deur norkwetiapien kan bydra tot die kwetiapien se terapeutiese effektiwiteit as antidepressant.

Farmakodinamiese effekte
Kwetiapien is aktief in toetse vir antipsigotiese aktiwiteit, soos gekondisioneerde vermyding. Dit blokkeer ook die werking van dopamienagoniste, gemeet hetsy gedragsmatig of elektrofisiologies, en verhoog die konsentrasies van dopamienmetaboliet, 'n neurochemiese indeks van D[2]-reseptorblokkade.
In pre-kliniese toetse wat die EPN voorspel, is kwetiapien anders as tipiese antipsigotika en het dit 'n atipiese profiel. Kwetiapien produseer nie dopamien D[2]-reseptorsupersensitiwiteit na chroniese toediening nie. Kwetiapien lewer slegs swak katalepsie by effektiewe dopamien D[2]-reseptorblokkeringsdosisse. Kwetiapien demonstreer selektiwiteit vir die limbiese stelsel deur depolarisasieblokkade te veroorsaak van die mesolimbiese, maar nie die nigrostriatale dopamienbevattende neurone na chroniese toediening nie. Kwetiapien toon minimale distoniese aanspreeklikheid aan by haloperidol-gesensitiseerde of medisyne-naïewe Cebus-ape na akute en kroniese toediening (sien afdeling 4.8).

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie
Kwetiapien word goed geabsorbeer en omvattend gemetaboliseer na orale toediening. Die biobeskikbaarheid van kwetiapien word nie beduidend beïnvloed deur toediening saam met voedsel nie. Gelykvlak piek molêre konsentrasies van die aktiewe metaboliet norkwetiapien is 35 % van dit wat by kwetiapien waargeneem word.
Die farmakokinetika van kwetiapien en norkwetiapien is lineêr oor die goedgekeurde doseringsgebied.

Verspreiding
Kwetiapien is ongeveer 65 % - 83 % gebind aan plasmaproteïene.

Biotransformasie
Kwetiapien word breedvoerig deur die lewer gemetaboliseer, met ouerverbinding wat minder as 5 % van onveranderde medisyneverwante materiaal in die urine of ontlasting uitmaak, na toediening van radio-gemerkte kwetiapien. In vitro-ondersoeke het vasgestel dat CYP3A4 die primêre ensiem is wat verantwoordelik is vir sitochroom P450-gemedieerde metabolisme van kwetiapien.
Norkwetiapien is hoofsaaklik gevorm en geëlimineer deur CYP3A4.

Ongeveer 73 % van die radioaktiwiteit is uitgeskei in die urine en 21 % in die feses.

Kwetiapien en verskeie van sy metaboliete (insluitend norkwetiapien) is gevind om swak inhibeerders te wees van die menslike sitochroom P450 1A2, 2C9, 2C19, 2D6 en 3A4 aktiwiteite in vitro. In vitro CYP-inhibering word slegs waargeneem by konsentrasies ongeveer 5 tot 50-voudig hoër as wat waargeneem is in 'n dosisreeks van 300 tot 800 mg/dag by mense. Op grond van hierdie in vitro-resultate is dit onwaarskynlik dat die toediening van kwetiapien en ander medisyne kliniese beduidende medisyne-inhibisie van sitochroom P450-gemedieerde metabolisme van die ander medisyne tot gevolg sal hê. Vanuit dierestudies blyk dit dat kwetiapien sitochroom P450-ensieme kan induseer. In 'n spesifieke interaksiestudie by psigotiese pasiënte, is daar egter geen toename in die sitochroom P450-aktiwiteit gevind na toediening van kwetiapien nie.

Eliminasie
Die eliminasiehalfleeftyd van kwetiapien en norkwetiapien is onderskeidelik ongeveer 7 en 12 uur. Die gemiddelde molêre dosisfraksie van vrye kwetiapien en die aktiewe menslike plasma metaboliet norkwetiapien word < 5 % in die urine uitgeskei.

Spesiale populasies
Geslag
Die kinetika van kwetiapien verskil nie tussen mans en vroue nie.

Bejaardes
Die gemiddelde opruiming van kwetiapien by bejaardes is ongeveer 30 tot 50 % laer as by volwassenes tussen 18 en 65 jaar.

Renale inkorting
Die gemiddelde plasmaopruiming van kwetiapien is met ongeveer 25 % verminder by persone met ernstige renale inkorting (kreatinienopruiming minder as 30 ml/min/1,73m2), maar die individuele opruimingswaardes is binne die bestek van normale proefpersone.

Hepatiese inkorting
Die gemiddelde kwetiapienplasmaopruiming neem af met ongeveer 25 % by persone met bekende hepatiese inkorting (stabiele alkoholsirrose). Aangesien kwetiapien ekstensief deur die lewer gemetaboliseer word, word verhoogde plasmavlakke verwag in die populasie met hepatiese inkorting. Dosisaanpassings mag by hierdie pasiënte noodsaaklik wees (sien afdeling 4.2).

6 FARMSEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van hulpstowwe

Kalsiumwaterstoffosfaatdihidraat
Kolloïdale anhidriese silika
Laktose monohidraat
Magnesiumstearaat
Mikrokristallien sellulose
Povidoon (K-30)
Natriumstyselglikolaat (Tipe-A)

Deklaag samestelling:
TORQUIT 25
Ferrisoksied Rooi (E172)
Ferrisoksied Geel (E172)
Hipromellose 2910 (6cps)
Makrogol 400
Titanium Dioksied (E171)

TORQUIT 100
Hipromellose 2910 (6cps)
Makrogol 400
Titanium Dioksied (E171)

TORQUIT 200
Hipromellose 2910 (6cps)
Makrogol 400
Titanium Dioksied (E171)

TORQUIT 300
Hipromellose 2910 (6cps)
Makrogol 400
Titanium Dioksied (E171)

6.2 Onverenigbaarheid

Nie van toepassing.

6.3 Rakleeftyd

5 jaar.
Stoor teen of benede 25 °C.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls tydens berging

Geen spesiale voorsorgmaatreëls vir berging benodig nie.

6.5 Aard en inhoud van die houer

Stolpverpakking met wit, opaak PVC film (0,25 mm) verseël met gedrukte aluminium dekselfoelie (dikte 0,025 mm) met hitte seëllak (PVC/PVAC kopolimeer en polimetakrielaat). Elke stolpverpakking strokie bevat 10 tablette. Die stolpverpakking strokies sal in 'n buitekarton verpak word.

Nie alle verpakkingsgroottes mag moontlik bemark word nie.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening van gebruikte medisyne of afvalstowwe afkomstig van sulke medisyne en ander hantering van die produk

Enige ongebruikte produk moet weggedoen word volgens plaaslike vereistes.
Geen spesiale vereistes.

7. HOUER VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT

TRINITY PHARMA (PTY) LTD
106, 16th Weg,
Midrand,
1686,
Suid Afrika.

8. REGISTRASIENOMMER(S)

TORQUIT 25: 46/2.6.5/0804
TORQUIT 100: 46/2.6.5/0805
TORQUIT 200: 46/2.6.5/0806
TORQUIT 300: 46/2.6.5/0807

9. DATUM VAN EERSTE MAGTIGING / HERNUWING VAN DIE MAGTIGING

31 Augustus 2021

10. DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS

N.A

TRINITY PHARMA